# Comment Kommentaar

Die gebruik van stemreg by die verkiesing van lede van Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad word altyd ooglopend afgeskeep. Dit is noodsaaklik dat u stembrief gebruik word om te verseker dat die privaatarts op hierdie belangrike liggaam verteenwoordig word.

Hier is enkele Huisartse wat reeds genomineer is.



G. Davie

Voting for members of The South African Medical and Dental Council is always a notoriously neglected endeavour. It is imperative that you use your vote wisely to secure representation for the private practitioner on this august body.

Here are some of the GPs that have been nominated.

## Gebruik u stemreg ... Cast your vote ...



**Basil Jaffe**

Basil Jaffe qualified at the Unversity of Cape Town in 1946. Apart from two years internship and three years post-graduate training in Britain he has been in active general practice since then.

A strong protagonist of academic general practice, he believes that departments of family medicine should exist in all medical schools and that vocational training is as important for general practice as for any specialty.

He has been actively involved in the academic organizations of general practice for the past twenty years.

He was elected chairman of the Faculty of General Practice of the College of Medicine in 1973 - 74 and 1977 - 80.

He lectures at U.C.T. in the Departments of Community Health, Paediatrics and Psychiatry.

He is co-author of "Guide to the Content and Attitudes of General Practice" and contributor to "Yhe Scientific Basis of Breast Feeding".

He holds the D.C.H. (R.C.P. & S.) and in 1975 was elected a Fellow of the Royal College of General Practitioners.



**Dr M.H.H. Ismail**

1942: Matriculation — Sastri College, Durban.

1945: B.Sc. (Hygiene) University of Fort Hare, Cape.

1951: M.B.B.Ch (W. Rand).

1952: Onwards: General Practice — Pretoria.

September — December 1959: Royal Post. Graduate Medical School, Hammersmith, Hospital, London Post — Graduate Studies — Department of Medicine.

April — May 1968: Royal Post — Graduate Medical School, London. Dept. of Medicine.

1974: M.F.G.P. (S.A.).

1974: Committee member — Faculty of General Practice, College of Medicine of South Africa.

1976: Chairman, Faculty of General Practice, Northern Transvaal Region. College of Medicine.

1977: Committee member, Faculty of General Practice, College of Medicine of South Africa.

1978: Chairman, Faculty of General Practice, Northern Transvaal Region, College of Medicine of South Africa.


1979 — 9180: Member of the Sub-Committee for Community Involvement, State Health.

1980: Chariman, Faculty of General Practice, Northern Transvaal Region, College of Medicine of South Africa.

1980: Committee member, of Branch Council of the Medical Association of South Africa. (Northern Transvaal Region).

Attended international medical congresses and S.A. medical congresses and symposia, from 1973 to date.

Both his sons, obtained medical degrees at the University of Cape Town.



**Gabriel Jacobus Pistorius** is op 3 Junie 1935 te Reivilo, K.P. gebore.

In 1953 skryf hy in vir M.B., Ch. B. te Universiteit Pretoria, en verower in Eerstejaars-merietebeurs. Hy speel in daardie jaar ook vleuel vir Tukkies se onder 19A rugbyspan.

In 1958 behaal hy sy M.B., Ch. B. aan die universiteit, met verowering van die L.J. te Groen medalje vir Ginekologie en Obstetrie, asook die Protea Holdingsprys vir Interne Geneeskunde.

Tydens sy studentejare dien hy op verskillende huiskomitees en besture, en in 1957 tree hy op as Voorsitter van die Sentrale Joolkomitee van

Sy internskap voltooi hy in 1959 te H.F. Verwoerd-hospitaal, Pretoria, en doen daarna vir 'n jaar locumwerk te Queenstown en Prieska. Daarna praktiseer hy as private huisarts te Victoria-Wes (1961 - 1966), Pretoria (1967) en Brits (1968 - 1978).

Terwyl hy op Brits praktiseer, slaag hy in 1968 in 'n Fortran IV Programmeringskursus by die Rekensentrum, U.P., en behaal in 1970 die Magister in Huisartskunde (met lof) (Univ. Pretoria).

Sy belangstelling in die akademie bly egter staande tydens sy jare in die praktyk, en vanaf 1971 - 1973 tree hy op as Tydelike Deeltydse Dosent in die

Departement Huisartskunde, Universiteit van Pretoria.

In 1978 skryf hy in vir M.D. aan daardie universiteit onder die promotorskap van prof. A. Strating.

Die titel van die verhandeling is: 'n Analise van die werksaamhede van 'n Huisartspraktyk.

Sedert 1 April 1978 is hy aangestel as Professor/Hoofspe-

# Comment Kommentaar

sialis en Hoof van Department Huisartskunde aan die Mediese Fakulteit, U.O.V.S., Bloemfontein.

Verskeie publikasies, hoofsaaklik oor aspekte van praktykvoering, het alreeds uit sy pen in vaktydskrifte verskyn.

Wat buitemuurse aktiwiteite betref was hy lid van verskeie dorpsportspanne in krieket, tennis en rugby. Hy is tans die mediese offisier van die U.O.V.S. Kommando met die rang van majoor.

Hy dien as ouderling in die N.G. Kerk en is ook assessorlid van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is ook 'n secunduslid van die Senaat van Medunsa.

Hy is getroud met Pixie Jacobs van Victoria-Wes en hulle het 2 dogters en 'n seun.



**Dr. Morris Helman MBChB MFGP (SA)**

Originally from the Swartberg, district laingsburg, and matriculated laingsburg Hoer Skool.

Product of the famous "KOL-JOUS" (College House, Breda Street Cape Town) and UCT graduated 1937. Obtained MFGP (SA) 1978.

Recipient of the Meritious award for outstanding service to the medical professione and the community, presented by the Cape Western Branch. (MASA).

At present President Elect Cape Western Branch MASA.

Was a Federal Councillor of 9 years.

Served for 20 years as Branch Councillir (Cape), head office, Ethical, a and Contract Committees.

Member of the National General Practitioner's Group.

Member of the College of General Practitioners of SA and founder member of the College of G.P., Cape of Good Hope.

Member of the Railways Medical Officers Group (Cape Western), and its former Chairman for 10 consecutive years.

Served in World War II, as Regimental Medical Officer and with Field Ambulance, Egypt, Italy and England.

Communal Positions:-

a. Was elected member of the S.A. Jewish Board of Deputies (Cape Committee), and Chairman of Chaplaicy.

b. Members of the Mother Synagogue of S.A., Cape Town and a former Senior Vice President.

c. Originator of the Albow Bros., Youth Centre in the Gardens Cape Town, and open to all youth.

d. Members of the Jewish Ex Service League and the Moths.

**Dr. Bruce Maxwell Andrew Buchan**

Dr Bruce Buchan was born on 19th April, 1924 at Gatooma, Rhodesia, and was educated at the Prince Edward School in Salisbury, Rhodesia.

He is married to Dr Margaret Barlow and they have two sons and a daughter.

Dr Buchan qualified MB, ChB, at the University of Cape Town in 1947.

Interests flying, photography, scuba, carpentry and reading.

Dr Buchan was President of the Transkei Branch of the Medical Association of South Africa five times between 1949 and 1970.

He was a member of the Transkei Branch Council from 1949 to 1970, a member of Federal Council for the Transkei from 1961 to 1972 and chairman of St. Elizabeth Hospital Board at Lusikisiki from 1960 and 1971.

In private practice and part-time District Surgeon, Transkei, 24 years.

Dr Buchan was awarded the Medical Assoication of South Africa's Bronze Medal in 1973.

He transferred to the Natal Coastal Branch in 1972 and was elected to the Branch Council in 1973.

He was Honorary Secretary of the Natal Coastal Branch in 1976 and President Elect of the Natal Coastal Branch in 1977. President of Natal Coastal Branch in 1978, and Immeidate Past President in 1979.

National President of the Medical Association of S.A. in 1976.

He was re-elected to Federal Council in 1975.

In 1978, he became a member of the Executive of Federal Council, and a member of teh Parliamentary Committee.

He acted as Regional Director State Health for nine months in 1978.

He is at present Principal District Surgeon for Durban, and is a Member of teh Full Time Medical Officers Executive Committee. National Convenor of 52nd Medical Congress held in Durban, 1979.

# LETTERS BRIEWE

Beste George,

Van harte geluk met 'n puik blad. In die verlede is dikwels op 'n afskeep manier gepoog om in die akademiese behoeftes van die stiefbroer van geneeskunde te voorsien. Huisartspraktyk Suid-Afrika vul beslis 'n groot leemte.

Die artikels wat in die eerste uitgawe verskyn het, is van hoogstaande gehalte. Ek was veral beindruk met die hoe akademiese peil en gepaardgaande nugter en praktiese benadering van die skrywers.

Daar is min huisartse wat nie besef dat die hantering van 'n asma aanval op 'n plaas of 'n koroner op die tennisbaan, nie gaan afhang van 'n astrup of die serum K+ nie, maar wel van akademiese onderlegdheid en beproefde regimes. Ek wil derhalwe 'n beroep doen om artikels van praktiese aard. Wie is byvoorbeeld aan sy alma mater onderrig in die kuns om 'n wond korrek te heg? Nuwere tegnieke en materiale kan gerus toegelig word. Navorsingsresultate het dikwels praktiese implikasies en toepassing in huisartspraktyk. Dit behoort nie beperk te word tot die lesers 'n subspesialiteits tydskrif nie!

Oorsig artikels is egter nog van wesentlike belang. Konsolidasie van ons bestaande en soms vervaagde? kennis, bly nog 'n hoeksteen van ons akademiese fondament.

Die huisarts kan net oorleef as hy voldoende akademiese kennis en praktiese vernuf het om die respek van sy pasiente af te dwing.

Beste wense vir die toekoms van Huisartspraktyk in S.A. Jy kan op my ondersteuning reken.

Groete

J.J. Wessels

Van Riebeeckgebou 220

Schoemanstraat

Pretoria.

Beste George,

Graag wil ek u gelukwens met die puik tydskrif Family Practice/ Huisartspraktyk SA. Ek het die eerste uitgawe baie interessant en stimulerend gevind, veral die artikel "Problems in Primary Care", en hoop om die toekoms nog meer sulke artikels te sien.

Die afgelope twee jaar het ek meer aandag gegee aan sykamerondersoeke wat in die algemene praktyk uitgevoer kan word, ten einde 'n beter diens aan ons pasiente te kan lewer.

Enige toets wat uitgevoer word, word natuurlik in die eerste plek gedoen in belang van die pasient, maar dit gee die praktisyn 'n groot mate van genoegdoening en dit maak die sleur van elke dag se medisyne soveel interessanter.

Nou wonder ek of u in hierdie nuwe tydskrif nie dalk 'n ruimte kan afstaan aan 'n reeks waarin u vir ons op 'n kort, bondige, geillustreerde wyse hierdie algemene sykamerondersoeke kan leer wat binne die bestek van enige algemene praktisyn se vermoe is nie?

Ek het gevind dat dit nie altyd die gebrek aan tyd is wat my weerhou het daarvan om 'n toets uit te voer nie, maar wel omdat ek nie presies geweet het hoe die toetse uitgevoer moet word nie, en dan het ek die moeite ontsien om 'n teksboek te gaan naslaan, want dit neem tyd.

'n Ander probleem is ook die aankoop van apparaat en chemikaliee; dit sal dus waardeer word as u ook hier inligting kan verskaf.

Voorspoed met u verdere uitgawes

Elsa Bolt

| To: | Aan: |
|---|---|
| The Editor | Die Redakteur |
| SA Family Practice | Huisarts-praktyk SA |
| PO Box 27399 | Posbus 27399 |
| Sunnyside 0132 | Sunnyside 0132 |